

Ks3-05

Kerkstraat tussen Kochstraat en Kerkplein.

Noord westelike hoek van Kerkplein en Kerkstraat ca. 1888



Foto Bron:- Dun-01 p163

Erf nommer 351/365 op die suid-westelike hoek van Kerkstraat en Kerkplein het vir 'n geruime tyd in die besit van President M.W. Pretorius gebly. In 1865 het hy die suidelike helfte van die erf laat transporteer op die name van I.M. en M.J. Prinsloo. Teen die einde van die 1860-er jare het Pretorius vir hom 'n huis in Pretoria laat bou en volgens die beskikbare gegewens is die huis blykbaar op die noordelike gedeelte van erf nommer 351 gebou. Dit is nie seker hoe lank Pretorius die huis bewoon het, en of hy dit oorweeg het om hom weer permanent in Pretoria te vestig nie. [Daar is ook 'n ander huis vir die president gebou waar die Paleis van Justisie vandag is. Die huis het later die pastorie geword.] Met die wending in staatsake en sy gevolglike bedanking as President het Pretorius in 1873 die noordelike gedeelte van die erf, tesame met die huis, aan William Skinner verkoop vir 'n bedrag van £ 675. [Rex-03 p256]

Wie kan dink dat Pretoria eers so gelyk het. Amper soos 'n foto uit die Wilde Weste van Amerika. Links op die suid-westelike hoek van Kerkplein en

Kerkstraat is die Post Office Bar. Volgens Barnes se 1888 Directory was die eienaar E.H. Clarke. Dit is dieselfde gebou waar Lohner se winkel in ongeveer 1881 was. Hier is 'n stoep aangebou en die deur het na die hoek van die gebou geskuif, wat blykbaar voordelig was vir 'n kroeg.

Langs die Post office Bar het die haarkapper Adelaar sy besigheid gehad. Dan volg 'n gebou met 'n trapgewel. Dit is nog 'n kroeg, die Horse Shoe Bar bestuur deur Anton Heisterhagen. Net anderkant die kroeg is die wamakersbesigheid van Smith en Petrie. Hulle was op hierdie perseel tot na 1893 en skuif later na Pretoriusstraat. In 1898 het die Poynton Broers hier besigheid gedoen. [Dun-01 p163]

Die tweede gebou van die hoek af was in 1888 die Transvaal Dispensary. J. Peacock was die apteker; hy begin die volgende jaar sy eie apteek oorkant die straat.

Oorkant Kerkstraat aan die westekant is die besigheid van Hobbs en Millar. Ongeveer tussen 1892 en 1898 verlaat Hobbs die kontrei en die besigheid ontbind.

Die stofkol in die middel van die straat is moontlik veroorsaak deur die bouery van die nuwe apteek van Peacock en Roehlin. [Dun-01 p162]

Die advertensiebord regs van die stofkol is dié van Heys & Co. Hulle adverteer 'n vinnige koetsdiens na Barberton en Kimberley. Die drie dae reis na Kimberley kos £11 en so ook die reis na Barberton.

Op die noord-westelike hoek van Kerkplein en Kerkstraat steek 'n gedeelte van die "nuwe" Poskantoor uit wat in 1887 gebou is, op die hoek waar die Austin-gebou eers gestaan het.

Tussen Heys & Co. en die poskantoor is die Temperance Hotel wat in 1888 deur mev. Bisset bestuur is. In 1889 word dit bestuur deur mev. Morris wat die naam verander na die Clarendon Boarding House. Mev. Hill bestuur die losieshuis in 1893 en in 1898 word dit die Transvaal Café. [Dun-01 p162]

### **Bibliografie**

Rex-03 Rex, H.M. 1956. **Die geskiedenis van die eerste ou goewermentsgebou en sy voorgangers.** Universiteit van Pretoria.

Dun-01 Dunston, Lola. 1975. **Young Pretoria 1889-1913.** Pretoria: Lola Dunston.